Leipie Nuus

9 – 13 OKTOBER 2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Nommer 27/2018

Program vir die week

Di 9 Oktober
Gholf: o/12 Proewe 15:15 te H/s Centurion

Wo 10 Oktober
Jnr koor: Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor: Oefening vanaf 14:00 – 15:00
Slagorkes: Oefening vanaf 13:45-14:30 (musiekklas)
Sagtebal: o/13 halfeindstryd
Voortrekkers: Voorslag gala-aand
Personeel: Onderwysersdag word gevier

Do 11 Oktober
Gholf: o/13 Proewe 15:15 te H/s Centurion
Hokkie: Geen verdere oefening (22 Oktober – afsluiting)

Vr 12 Oktober
Sagtebal: Plaatfinale

Sa 13 Oktober
Sagtebal: Tshwane kampioenskappe
Rugby: 7's o/11, o/12 te L/s Villeria
Hokkie: Toernooi afgestel

UIT DIE KANTOOR:
Welkom terug aan al ons personeel en leerders vir die laaste kwartaal. Ons hoop dat almal 'n baie voorspoedige en suksesvolle kwartaal sal beleef.
Nou wag 'n baie besige kwartaal. Leerders word aangemoedig om met erns met die akademie besig te wees. Die eksamen vir Gr 4-7 begin binnekort. Grondslagfase assessering duur die hele kwartaal en leerders moet asb elke dag skool bywoon. Baie voorspoed aan ons 0/10, 0/11 en 0/13 sagtebalspanne wat Saterdag deelneem aan die Tshwane kampioenskappe en daar meeding om die eerste plek in die finaal.

BELANGRIKE DATUMS:
17 Okt: Snr koor geen oefening
24 Okt : Snr koor afsluiting 14:00 tot 15:00
1 November: Snr koor optrede - kultuuraand
15-19 Oktober: Gr 6 Veldskool
22-26 Oktober: Omgeeweek
25 Oktober: Gr 7 afskeid – Sun City
27 Oktober: ***Markoggend***
Louis Leipoldt Alumni Reünie

LW: Meriete funksies: Aktiwiteite buite skoolverband
Slegs provinsiale en nasionale prestasies sal erkenning geniet. Erkenning kan nie gegee word aan afrigtingskole se eie interne funksies en eksamens nie. Leerlinge wat provinsiale en nasionale prestasies behaal het mag die kleure/sweetpakke/baadjies op 'n Vrydag skooltoe dra.

PROVINSIALE KLEURE:
Alle leerders wat Gauteng Noord kleure of enige ander provinsiale kleure in enige sport verwerf het, gaan weer as 'n groep afgeneem word. Dansers en gimnaste neem aan SA's deel in Oktober, en almal behoort daarna hul Gauteng Noord klere fisies te hê, daarom word die foto in die 4de kwartaal geneem. **Datum sal gegee word – hou asb nuusbrief dop – elke leerlinge sal 'n brief met skeurstrokie ontvang.**

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:
(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Centurion Kunstefees:
Graad 1
Lee-Hané Mienie: Prosa A++ (wenner), Poetry A++, Onvoorbereide lees A+, Redevoering A+, Voordrag A. Wilmi Burger A+, **Genna Claassen** A
Graad 2
Tshepang Ledingwane: Prosa A++ (wenner), Redevoering A++ (wenner), Poetry A++, Voordrag A+. **Zani Nell:** Voordrag A+, Onvoorbereide lees A+, Redevoering A+, Poetry A. **Matthew van Huyssteen**: Poetry A++, Poetry A+. **Jody-Wade Pattison:** Poetry A++, Voordrag A+. **Suzanne Roux:** Voordrag A+, Poetry A+, Redevoering A. **Ruben Griesel:** Poetry A+, Voordrag A. **Elri Fourie:** Poetry A+, Poësie A. **Lianka Hoffmann:** Gedramatiseerde poësie A, Onvoorbereide lees A. **Miané van Veelen**: Voordrag A++, Poetry A+. Rachel Ackermann: Voordrag A+.
Ruvan Fourie: Voordrag A+. **Lyandi Levinson:** Voordrag A.
Graad 3
Mia Schabort: Voordrag A++ (wenner), Onvoorbereide lees A++ (wenner), Prosa A++ , Redevoering A++, Poetry A++, Gedramatiseerde poësie A+. **Marcel de Waal:** Poetry A++ (wenner), Redevoering A++, Gedramatiseerde poësie A++, Voordrag A+. **Minke Dekker:** Redevoering A++ (wenner), Voordrag A++, Prosa A+, Poetry A+. **Mikayla Smit:** Prosa A++, Poetry A++, Redevoering A++, Onvoorbereide lees A+. **Giandré Claassen:** Redevoering A++, Poetry A++, Voordrag A+, Onvoorbereide lees A**. Ymke Handford**: Voordrag A+, Redevoering A+, Poetry A+. **Caitlin Handford:** Poetry A++, Voordrag A. **Magrietjie Rabie**: Poetry A++, Voordrag A. **Zoe Handford:** Prosa A+, Poetry A+, Voordrag A. **Mia J van Vuuren:** Voordrag A+, Onvoorbereide lees A+, Poetry A+. **Cara Schoeman:** Voordrag A+, Poetry A. **Maaike Koegelenberg**: Voordrag A+, Poetry A+. Armand van Schalkwyk: Poetry A+, Voordrag A, Prosa A. **Armand van Staden:** Poetry A+. Voordrag A, Prosa A. **Kara Barnard:** Voordrag A+. **Ziebert Roos:** Voordrag A.

Wiskunde: Abakus Wiskunde kompetisie
Andre Roode het deelgeneem aan die Internasionale Abakus Wiskunde kompetisie – hy verwerf silwer medalje. Hierdie gesogte kompetisie is vanjaar deur Suid Afrika aangebied. 143 Abakus Wiskunde studente het Suid Afrika verteenwoordig. Daar was ongeveer 350 studente wat deelgeneem het. Lande soos, Libanon, Indië, Suid-Afrika en Saudi-Arabië het deelgeneem.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Op 2 Augustus 2008 word die 60ste bestaansjaar reünie gehou in die skoolsaal in die vorm van 'n gesellige ete en samesyn. Die feesjaar word ook gevier met 'n unieke musiekblyspel: ***Ramkietjie onthou 'n bietjie.***

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103
(skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

P FERREIRA
HOOF

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie.
Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word).
By Gr R - 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem.
In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za

VERLORE GOEDERE:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb **alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word.**
Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie.

Baie dankie

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____
(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER